



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Afrikaans Tweede Addisionele Taal

Graad 11

Onderwysersgids vir Lesse vir leerders

Eerste Kwartaal

2013

Erkenning word hiermee aan die samestellers van hierdie onderwysersgids verleen.

**Mari Smit, Kobus Visagie, Valerie Kilian
Vrystaat Departement van Onderwys**

Department of Basic Education

222 Struben Street
Private Bag X895
Pretoria 0001
South Africa
Tel: +27 12 357 3000
Fax: +27 12 323 0601

120 Plein Street Private Bag X9023
Cape Town 8000
South Africa
Tel: +27 21 465 1701
Fax: +27 21 461 8110
Website: <http://www.education.gov.za>

© 2012 Department of Basic Education

Inhoudsopgawe

	Bladsy
Hoofstuk 1: Kommunikasie	3
Hoofstuk 2: Eet gesond, leef gesond	8
Hoofstuk 3: Hoe om reg te leer	12
Hoofstuk 4: Lees, 'n belangrike stokperdjie	16
Hoofstuk 5: Die hoofstede van Suid-Afrika	18

Hoofstuk 1: Kommunikasie

Week 1 en 2

Luister en praat:

Klasbespreking: Kommunikasie

Praat oor die volgende:

1. Kommunikasie

1.1 Maak die leerders bewus van al die misverstande en probleme wat kan ontstaan indien daar nie behoorlik gekommunikeer word nie.

Lê asb. klem daarop hoe belangrik dit is om sinvol te kommunikeer, te praat en te gesels.

1.2 Jy moet ook 'n goeie luisteraar wees.
Verduidelik woordeskat.

2. Kommunikeer met jou vriende.

3. Kommunikeer met jou gesin.

Moedig die leerders aan om ook by die huis met hulle gesinne te kommunikeer.

Luister

Berei leerders voor om aandagtig te luister.

Berei leerders voor om kort aantekeninge / notas oor elke leerder te maak.

Gee instruksies aan leerders soos in Leerderboek uiteengesit. Kyk of leerders mekaar korrek kan identifiseer.

Luister na 'n beskrywende teks.

Pre-luister

Behandel die woordeskat in die leerderboek.

Tydens luister:

Die onderwyser lees die teks aan die leerders voor. Lees daarna die teks weer voor en maak seker dat die leerders die betekenis van al die woorde verstaan. Lees dan die vrae. Lees daarna weer die teks en die leerders merk moontlike antwoorde. Daarna moet die leerders die vrae beantwoord.

Meneer Jones

"Jones was nie 'n groot man nie – nie eers ses voet nie – maar hy was ook nie klein nie. Sy lang, grys hare was reguit na agter gekam. Sy pikswart oë, weerskante van sy breë neus, het geblink. Jones se gesig was vol diep plooië met digte wenkbroue. Sy bruin vel was vol klein plooitjies van 'n lewe in die buitelug.

Alhoewel hy 'n denim, T-hemp en sandale aangehad het, het hy heel statig gelyk. Hy het 'n diep, sagte stem wat mens dadelik laat ontspan wanneer mens hom ontmoet. Jones was 'n vriendelike man en kon so lekker lag.

Hy het altyd aandagtig in jou as mens belang gestel en baie uitgevra. Almal kon so lekker met hom gesels, want hy was so 'n goeie luisteraar.

[Die waarnemer – Andy Andrews]

Oefening 1

Post-luister:

1. Nee (1)
2. Sy hare was grys. Of Hy het diep plooi gehad. (1)
3. breë neus, bruin vel, blink oë, digte wenkbroue, diep plooi [Kies enige twee] (2)
4. Sy pikswart oë het geblink. (2)
5. Hy was baie in die buitlug. Of Hy was baie in die son. (1)
6. Mense het van hom gehou. (1)
7. Ja (1)
8. Mens gesels lekker met hom. Of Hy was 'n goeie luisteraar
OF Enige gepaste antwoord. (Dit is 'n oop vraag) (1)

[10]

Lees en kyk

Pre-lees

Maak leerders bewus dat mens bo jou omstandighede kan uitstyg.

Behandel woordeskat

Verduidelik die verskil tussen 'n feit en 'n mening.

Lees: (Sien KABV, bl. 28)

Lees die teks

Post-lees

Beantwoord die vrae

Antwoorde Oefening 2 Leesbegrip

1. Hy het Graad 12 gedruip. (1)
2. Hy was die tuinier en het in die kantoor gewerk. (2)
3. Twee rekenaarkursusse (1)
4. Na klas moes hy in die tuin werk, terwyl die leerders in die klas was. (1)
5. Hy het matriek geslaag. (1)
- 6.1 Ja (1)
- 6.2 Hy moes twee werke doen en nog studeer. (1)
7. Sekretaresse (1)
8. Ja. Enige antwoord. (Dit is 'n oop vraag) (1)

Feite en menings:

9. Feit (1)
10. Feit (1)
11. Mening (1)

[13]

Opsomming - Jou selfoon kan jou siek maak

Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.

Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui. Indien die opsomming te lank is, tel die aantal woorde. Geen feite meer as 65 woorde word gemerk nie.

Punte word soos volg toegeken.

7 punte vir 7 feite

Punte toegeken vir taal

1 – 3 feite korrek = 1 punt

4 – 5 feite korrek = 2 punte

6 – 7 feite korrek = 3 punte

Jou selfoon kan jou siek maak

1. Stuur eerder SMS'e of gebruik 'n Telkomfoon.
2. Moenie jou selfoon teen jou lyf dra nie.
3. Gebruik 'n ADSL-lyn met 'n roeteerder.
4. Swanger vroue moet nie 'n selfoon teen hulle lyf dra nie.
5. Moenie jou selfoon in 'n motor of 'n hysbak gebruik nie.
6. Skakel jou selfoon snags af.
7. Moenie jou selfoon snags naby jou kop neersit nie.

[58 woorde]

Lees: Uitgebreide selfstandige lees

KABV, bladsy 29

Die leerkrag moet kortverhale, boeke, ens. aan die leerders verskaf vir selfstandige lees.

Skryf en aanbied

'n Beskrywende opstel

Woordeboekgebruik:

Daar is verskillende soorte woordeboeke.

Tweetalige woordeboeke word gebruik om 'n woord in 'n ander taal op te soek.

Verklarende woordeboeke help 'n mens om die betekenis van 'n woord op te soek.

Belangrik by die skryf van 'n opstel is 'n goeie inleidings- en slotparagraaf. Dié twee paragrawe moet nie te lank wees nie.

Die leerders moet die persoon so beskryf dat die leser voel hy ken daardie persoon.

Die beplanning van 'n opstel is belangrik. Elke paragraaf moet net oor een onderwerp handel. (200 – 250 woorde)

KABV, bladsy 33 - 35

Assesseer die opstel deur die voorgeskrewe rubriek te gebruik.

Taal in konteks

Oefening 3:

Gebruik 'n woordeboek en skryf die Engelse betekenis van die volgende woorde neer:

1. heerlik – *delicious meal, pleasant day, delightful*
2. besonders – *special, exceptional*
3. aangenaam – *enjoyable, pleasant, nice*
4. pligsgetrou – *sence of duty*

Skryftekens:

Die ê en die ë verander die uitspraak van 'n woord.

kappie - ê	deelteken - ë
sê	geëet
hê	oë
skêr	pasiënt
wêreld	koeël
bêre	voël
nêrens	reën
môre	spieël
rûe	seën
lêer	moeë

Oefening 4: Redigering

1. 'n Man neem sy kind skool toe.
2. Dit gaan nêrens reën nie.
3. Jan sê dat hy baie warm kry.
4. Die kind het pap en melk geëet.
5. Die voël se vlerk het baie seergekry.
6. Bêre die melk in die yskas.
7. Die leerder se lêer is netjies.

Oefening 5: Lettergrepe

1. ge – sels
2. kom – mu – ni – ka – sie

Oefening 6: Woordorde in enkelvoudige sinne – verwys na tabel

1. Ek gesels graag met my vriende.
2. Elke naweek kyk my gesin televisie.
3. Saterdag help ek my ma skoonmaak.
4. Sondag het ons kinders kerk toe gegaan.

Taal in konteks: Die werkwoord

- Die belangrikste woord in 'n sin is die werkwoord (*verb*).
- Die werkwoord sê wat gedoen word.
- Dit staan altyd in die **tweede posisie** in 'n sin.
- As jy wil weet watter woord die werkwoord is, kan jy vra **WAT GEDOEN** word.

Eerste posisie (Onderwerp)	Tweede posisie (Gesegde)	Derde posisie (Voorwerp)
Mense	gebruik	selfone

Oefening 6: Woordorde in enkelvoudige sinne - verwys na tabel

1. Ek gesels graag met my vriende.
2. Elke naweek kyk my gesin televisie.
3. Saterdag help ek my ma skoonmaak.
4. Sondag het ons kinders kerk toe gegaan.

Oefening 7: Selfstandige naamwoorde - Meervoude

1. Jan se oë is baie seer.
2. Die klaskamer se mure is vuil.
3. Die skole is baie skoon.
4. Die kinders hardloop en speel die hele dag.
5. Ma's werk elke dag baie hard.

6. Omdat dit so warm is, is daar vlieë in die huis.
7. Siphon neem graag foto's met sy selfoon.
8. Die vrouens bak heerlike brode.
9. Ons bure werk gereeld in die tuin.
10. Die politici / politikusse maak baie beloftes.
11. Die speelgoed behoort aan die seun.

Oefening 8: Selfstandige naamwoorde - Verkleinwoorde

1. My nefie skop die balletjie.
2. Die meisietjie het haar hoedjie verloor.
3. Die foto'tjie van die bruidjie is baie mooi.
4. Daar is 'n slangetjie in die boompie.
5. Die hondjies het die hele nag geblaf.
6. Die karretjie staan langs die paadjie.
7. Die skelmpie het Maria se ringetjie gesteel.
8. Ons vakansietjie was baie kort.
9. Die koninkie is baie siek.

Oefening 9: Byvoeglike naamwoorde

1. Die gladde seep val op die vloer.
2. Pulanie smeer handerom aan haar growwe hande.
3. Die goue horlosie is baie duur.
4. Die splinternuwe motor was in 'n ongeluk betrokke.
5. Die ou man is baie grys.

Oefening 10: Teenwoordige tyd

1. Die meisie sing in die koor.
2. Siphon maak die deur oop.
3. Die skool begin in Januarie.
4. Die onderwyser staan en skryf.
5. Puleng kan nie vinnig hardloop nie.

Oefening 11: Lidwoorde

1. Die meisie staan voor die Wiskunde klaskamer en huil.
2. In die somer is dit baie warm.
3. In die toekoms gaan dit warmer word.
4. Die hond wat aan Peter behoort, blaf baie.
5. 'n Bok/Die bok hardloop oor die pad.

Oefening 12: Stelsin

1. Al die leerders is vandag siek.
2. Stout leerders moet gestraf word.
3. Daar is genoeg water en kos by die huis.
4. Dit gaan vandag hard reën?
5. Die meisies loop gereeld dorp toe.

Hoofstuk 2: Eet gesond, leef gesond

Week 3 en 4

Oefening 1.

Die onderwyser spandeer ongeveer 5 minute aan hierdie Oefening.

Laat leerders in groepe werk en in groepsverband terugvoering gee.

Besprek met leerders 'n paar metodes hoe om luisteraantekeninge af te neem.

Oefening 2

Onderwyser lees die volgende teks vir die leerders.

DIE BELANGRIKHEID VAN GESONDE KOS

Net soos 'n motor brandstof nodig het om te kan beweeg het die mens se liggaam kos nodig, want kos is die liggaam se brandstof. 'n Mens se liggaam word sterk en gesond gehou deur die kos wat 'n mens eet en wat dan deur die liggaam gebruik word om energie te vervaardig. Kos het vier belangrike funksies:

- Die kos wat ons elke dag eet, gee aan die liggaam die energie en krag wat ons nodig het om aan sport of ander speletjies deel te neem. Sonder kos sal ons gou moeg raak en nie meer vinnig en vol energie kan beweeg nie.
- Elke mens se liggaam het boustowwe nodig om te sorg dat die liggaam groei en sterker word. Sonder boustowwe sal ons liggame swak en klein bly.
- 'n Mens se liggaam bestaan uit weefsel. As daardie weefsel seerkry, is die kos wat ons eet verantwoordelik daarvoor dat die beseerde weefsel herstel.
- As ons nie gereeld eet nie sal ons liggaam se temperatuur al kouer en kouer word en dit sal veroorsaak dat ons organe soos die hart, niere en lewer nie meer sal werk nie. Sonder kos sal ons dus doodgaan.

Die leerders werk in groepe en luister na die vrae. Die eerste lid van elke groep fluister die antwoord na die volgende lid en so gaan die antwoord tot by die laaste lid wat dan die antwoord hardop sê.

Die groep wat die antwoord korrek het, het die beste geluister.

Vrae:

1. Voltooi die volgende sin met een woord.
Kos is die liggaam se ...
brandstof
2. Die kos wat ons eet, gee aan die liggaam energie. Wat doen die liggaam met hierdie energie?
Ons neem aan sport/speletjies deel/ons gebruik dit om te beweeg.
3. Wat in kos help ons liggame om te groei?
boustowwe
4. Hoekom gaan 'n mens dood as jy nie gereeld eet nie?
Die liggaam se temperatuur word al kouer wat veroorsaak dat die organe ophou werk.

Oefening 3

Die onderwyser verduidelik aan leerders waarom 'n boek 'n buiteblad moet hê. Noem sake soos:

- titel en skrifgrootte
 - kleurvol wat die aandag trek
 - gee ander belangrike inligting
 - laat leser gewoonlik oor die inhoud raai
1. *Konka*
 2. *leestekste*
 3. *Dit illustreer die titel.*

Oefening 4

Onderwyser behandel die inhoudsopgawe van die kortverhaalbundel met die leerders. Wys op sake soos:

- wat is 'n voorwoord
- hoofstukindelings
- bladsynommers
- ander bykomende inligting soos die name van skrywers
- wat die funksie van 'n glossarium is

Leerders bespreek die volgende vrae in groepe. Elkeen formuleer sy/haar eie antwoord skriftelik in hulle werkboeke.

Gee kans vir terugvoer.

1. *'n Boek moet 'n inhoudsopgawe hê vir maklike verwysings/maklike gebruik van die boek/boek lesersvriendelik te maak.*
2. *'n Gevaarlike middaget*
3. *Laat leerders toe om te motiveer waarom 'n spesifieke hoofstuk vir hulle interessant is.*
4. *Laat toe vir leerders se eie verbeelding.*
5. *Bladsy 45*

Oefening 5

Laat leerders eers hulle eie vrae oor die teorie van die kortverhaal opstel en in groepe vir mekaar vra.

Hanteer onsekerhede wat mag ontstaan.

Vra daarna weer vrae in die klas om seker te maak dat leerders die begrippe verstaan.

Gee die blokraaisel as 'n huiswerkopdrag indien moontlik, anders handel leerders dit individueel in die klas af.

DWARS:

1. *prent*
2. *rol*
3. *karakters*
4. *ruimte*
5. *vertel*

AF:

6. *tema*
7. *boodskap*
8. *titel*

Oefening 6

1. *Na 'n kort, beklemtoonde vokaal verdubbel die konsonant.*
2. *boodskappe*
3. *Die ee-klank in been is nie kort nie.*
4. *baie, moeite, gou*

Oefening 7

1. *As 'n mens gesond eet, voel jy sommer baie lekker.*
2. *Ek het 'n seer tand van te veel suiker eet en moet na die tandarts, dr. Mohajane, toe gaan.*
3. *'n Mens mag suiker eet, maar te veel daarvan sal jou vet maak.*
4. *Net 5mg suiker op 'n slag is genoeg om 'n mens sleg te laat voel.*
5. *Proteïene, koolhidrate en vette is belangrike voedingstowwe.*
6. *Ek hou van vis, want die proteïene daarin is gesond.*
7. *Vitamiene wat bv. in vrugte en groente voorkom, help om my liggaam sterk te hou.*

Oefening 8

Die onderwyser moet voordat die opdrag geassesseer word, seker maak dat die leerders weet wat die reëls is waarvolgens trappe van vergelyking gevorm word.

- vergrotende trap: -er
 - oortreffende trap: -ste
 - indien meer as een lettergreep en die laaste lettergreep op 'n –e: eindig dan meer (vergotende trap) en mees (oortreffende trap)
 - Gebruik die lidwoord **die** voor die woord in die oortreffende trap, bv. **die** duurste motor.
1. *gesonder – gesondste*
 2. *banger – bangste*
 3. *flukser – fluksste*
 4. *kwaaiër – kwaaieste*
 5. *hongerder – hongerste*
 6. *meer opgewonde – die mees opgewonde*
 7. *duurder – duurste*
 8. *minder – die minste*

Oefening 9

Laat leerders hulle sinne vir mekaar lees: kommunikatiewe taalonderrig vereis dat leerders so veel as moontlik aan die teikentaal blootgestel word.

Vul ook die lys in die Leerderboek met ander intensiewe vorme aan wat die onderwyser dink belangrik is.

Gee leerwerk vir huiswerk.

Assesseer deur middel van 'n klastoets.

Oefening 10

1. *bordjie*
2. *Vorm 'n verkleinwoord.*
3. *nie*
4. *herorganiseer*
5. *vorm meervoude*

Oefening 11

1. *Gee leerders geleentheid om hulle eie menings te lug/ eie antwoorde te gee.*
2. *Gee leerders geleentheid om hulle eie menings te lug/ eie antwoorde te gee.*
3. *Leerders gee antwoorde vanuit hulle eie kultuuragtergronde.*
4. *Leerders se eie antwoorde/response.*

Oefening 12

1. *Om ekstra geur aan kos te gee.*
2. *Jou mond gaan baie brand.*
3. *'n Gevoel van lekkerte/opwinding*
4. *krag/energie/motivering*
5. *Leerders gee eie antwoorde, bv. vis en skyfies.*
6. *In 'n oond gebak.*
7. *Leerders se eie, gemotiveerde antwoorde.*
8. *Leerders se eie, gemotiveerde antwoorde.*
9. *Leerders se eie antwoorde.*

Oefening 13

1. *Sy het lanklaas gaste vir ete genooi./Hulle is belangrike mense en sy wou hulle met haar kos beïndruk.*
2. *Leerders se eie antwoorde.*
3. *Hy is vuil/onversorg/arm.*
- 4.1 *Leerders gee hulle eie indrukke.*

- 4.2 *Sy beplan deeglik aan haar resepte/Sy koop gesonde bestanddele/Sy maak seker dat haar geregte gesonde bestanddele bevat.*
- 4.3 *Die skrywer wil hê dat die leser moet besef daar is nog vroue soos sy/ Die skrywer wil hê die lesers moet hulle met haar identifiseer.*
5. *WAAR: Sy T-hemp is geskeur, sy broek sak af oor sy heupe en daar lê 'n lagie stof oor sy hare en sy hele gesig.*
6. *Ruimte: die vrou se huis/supermark om die hoek*
7. *Leerdere gee hulle eie gemotiveerde antwoorde.*
8. *Leerdere gee hulle eie gemotiveerde antwoorde.*
9. *Leerdere se eie antwoorde.*

Skryf en aanbied.

Gebruik die assesseringsrubriek vir die opstel om leerdere se opstelle te assesseer.

Hoofstuk 3: Hoe om reg te leer

Week 5 en 6

Luister en praat

Lees die verskillende menings van leerders aan die leerders voor. Doen daarna die vrae met hulle.

Puleng: Ek wil graag goed doen in die skool, daarom leer ek elke dag vir omtrent vier ure. Ek gebruik graag nuwe metodes om te leer.



Pulani: Ek weet ook nie hoe om reg te leer nie. Ek leer en leer en onthou dan nie die werk nie.



Cherylle: Ek wil dolgraag beter doen, want ek wil so graag 'n onderwyser word. Ek weet regtig nie hoe om te leer nie.

Jan: Hierdie jaar gaan ek hard werk. Graad 11 se punte tel mos vir toelating tot 'n universiteit.



Jerry: Ek gaan nie leer nie. Graad 10 was doodmaklik. Hoekom sal graad 11 nou moeiliker wees? Ek gaan TV kyk, strokies lees en rockmusiek luister. Ek voel vere vir skool.

Help hulle om die volgende geronde en ongeronde klanke korrek uit te spreek:

 gerond vuur uur nuwe duur punte kleure muur luister	 ongerond leer vier pinte lees klere mier dier
---	--

Oefening 1: Sinne met woorde

1. Die vuur (*fire*) brand lekker warm.
2. 'n Uur (*hour*) bestaan uit sestig minute.
3. Elke nuwe (*new*) leerder word ontgroen.
4. Die nuwe skoene is duur (*expensive*).
5. My punte (*marks*) is altyd hoog.
6. Die skool se kleure (*colours*) is geel en bruin.
7. Die muur (*wall*) se bakstene val uit.
8. Ek luister (*listen*) graag na musiek.
9. Ek leer (*study*) hard vir die Geskiedenisstoets.
10. Die tweeling is vier (*four*) jaar oud.
11. In die ou dae het ons pinte (*pints*) melk gekoop.
12. Die slim leerder lees (*read*) baie boeke.
13. My klere (*clothes*) is vuil.
14. Die mier (*ant*) is 'n flukse diertjie, sê die Bybel.
15. 'n Leeu is 'n wilde dier (*animal*).

Lees en kyk

Doen eers die pre-lees vrae met die leerders. Lees daarna die teks met hulle deur. Verduidelik die betekenis van moeilike woorde. Doen dan die vrae oor die leesbegripstekste mondelings met die leerders. Help hulle om vir sekere woorde in die antwoord te soek.

Oefening 2: Beantwoord die vrae oor die leesbegripstekste.

1. *Kennis*
2. *Hulle bou hulle lewens, neem besluite en maak keuses.*
3. *Alles wat jy in die wêreld nodig het.*
4. *Dit help jou om jou werk te kies.*
- 5.1 *Onwaar*
- 5.2 *Skoolvakke is die boustene*
6. *Dit skep die gewoonte om te werk.*
7. 8 ure
8. Leerder gee eie mening. Lok bespreking daarvoor in die klas uit.
9. Leerder gee eie mening. Antwoorde oor die finansiële voordeel is belangrik.
10. Dit help jou om jou werk baie goed te doen.

Taal in konteks

Verlede tyd

Maak gebruik van die inligting in die aantekeninge om verlede tyd aan die leerders te verduidelik. Die posisie van die werkwoord is baie belangrik.

Oefening 3: Skryf die volgende sinne in die verlede tyd

1. Leerders het baie goed gedoen.
2. Skoolvakke het kennis wat jy nodig het, bevat.
3. Jy het beter oor jou werk gevoel.
4. Skool en studies het die gewoonte geskep om te werk.
5. Die leerders het erken hulle was bang.

Skryf en aanbied

'n Dialoog

Onderrig die dialoog presies soos wat dit in die aantekeninge gegee word. Onthou dit is baie belangrik om vir die leerder woorde te gee om te gebruik. Leerders skryf dialoog (80 – 100 woorde)

Oefening 4: Skryf die sinne oor met die korrekte vraende voornaamwoorde.

1. Wie is bang vir graad 11?
2. Wat besluit hulle oor hulle vakkeuse?
3. Wat moet jy doen om hard te leer?
4. Waar/Wanneer is die Wiskundeklas?
5. Wanneer skryf ons 'n Engelse toets?
6. Hoekom neem jy Lewenswetenskappe?
7. Hoe laat begin die skool?

Oefening 5: Skryf die volgende sinne in die indirekte rede.

1. Meneer sê dat dit belangrik is dat jy elke dag skool toe gaan.
2. Siphon sê dat hy die beste in die klas gaan gee.
3. Puleng sê dat sy kort aantekeninge in die klas maak.
4. Juffrou sê dat sy die Wiskunde vir die Graad 11's verduidelik.
5. Die skoolhoof sê dat hulle die wenke moet neerskryf.

Oefening 6: Voltooi die onderstaande tabel

	TYD (time)	WYSE (manner)	PLEK (place)	WERKWOORD (verb)
	<i>wanneer?</i>	<i>hoe?</i>	<i>waar?/ waarheen?</i>	
Thabo het	gister	hard	in die klas	geleer
Thabo sal	volgende week	fluks	in die biblioteek	lees
Thabo het	die vorige vakansie	fluks	in die tuin	gespit
Thabo het	verlede week	vinnig	in die kombuis	geëet
Thabo sal	môre	heerlik	by die huis	speel

Oefening 7: Skryf die volgende sinne oor deur met die onderstreepte woord te begin

1. Vandag was die Afrikaanse les baie interessant.
2. Elke dag gaan die leerders skool toe.
3. Die vorige dag het die onderwysers die werk verduidelik.
4. Vanmiddag leer Thabo die werk.
5. Môre sal Tsidi opsommings maak.

Oefening 8: Skryf die antwoorde van die volgende sinne neer.

[Neem enige antwoord m.b.t. WYSE in ag]

1. Die Afrikaanse les was vandag **interessant**.

2. Maria skryf **netjies** in haar boeke.
3. Michael leer **baie hard**.
4. Thabo skryf die opstel **blitsvinnig**.
5. Sabi doen **gereeld** haar opsommings.

Oefening 9: Onderstreep die woorde wat sê op watter plek (*place*) gebeur het.

1. Die klok lui hard by die skool.
2. Maria skryf die opstel by die huis.
3. Michael leer baie graag in die biblioteek.
4. Thabo skryf elke dag vinnig in die Lewenswetenskapklas.
5. Sabi doen haar opsommings in die studiesaal.

Oefening 10: Rangskik die woorde wat tyd, wyse en plek aandui in die regte volgorde

1. Die Afrikaanse les was gister die laaste periode interessant in die Afrikaanse klas.
2. Maria skryf vandag die opstel fluks in die studiesaal.
3. Mnr. Tladi het die vorige week die kortverhaal baie mooi oor die radio geles.
4. Thabo doen elke oggend sy huiswerk deeglik in die klaskamer.
5. Sabi het gisteraand haar opsommings vinnig in die saal gedoen.

Oefening 11: Gee die regte vorm van die woord tussen hakies deur –de of –ende agter die werkwoord te voeg.

1. Juffrou help die sukkelende kinders met huiswerk.
2. Die pratende kinders doen graag mondeling.
3. Die skrywende kinders doen goed in Graad 11.
4. Die lesende leerders het baie kennis.
5. Die werkende brein bêre alle inligting.

Hoofstuk 4: Lees: 'n Belangrike stokperdjie

Week 7 en 8

Luister en praat

Gesels met die leerders oor die belangrikheid van lees. Doen dan die meningsopname oor watter leerders van lees hou. Bespreek die redes hoekom hulle van lees hou. Bespreek ook waarom sekere leerders nie daarvan hou om te lees nie.

Praat: 'n Groepbespreking

Gesels met leerders oor die begrippe komedie en tragedie. Herroep kennis wat hulle in die ander twee tale gekry het in die gesprek.

Lees en kyk

Gesels oor die prentjie van die kortverhaal, die hoeveelheid karakters wat in die verhaal kan wees en die skrywer van die kortverhaal. Marita van Aswegen is 'n vrou wat in Bloemfontein bly. Sy werk nie en dit is haar stokperdjie om verhale en dramas te skryf.

Oefening 1

1. Hulle wil die omgewing skoonhou
2. Geld in te samel en omgewing skoon te hou.
- 3.1 ONWAAR
- 3.2 Hy bêre dit op 'n geheime plek.
4. D (hy vinniger by die skool kan wees.)
- 5.1 Halfwegwinkel
- 5.2 koop
- 5.3 Ramosa
- 5.4 bakkie
- 5.5 bier
6. wen; R1000
7. 'n vervoermiddel van draad maak .
8. Hy is goed met sy hande en hy ken plante.
9. D (sy pa span draad)
10. Hy is te maer.
11. hulle het nie kos nie, hulle kry koud, Thabiso het nie skoene nie.
12. Hy gooi die naambord langs die pad.
13. Hy praat soos 'n dronk mens, daar is 'n leë karton, hy val amper van die bankie af.
14. Hy moet nagskool toe gaan.
15. Ramoso het hom gewaarsku omdat hy tydens werksure drink.
16. Voltooi: Gauteng, geld, suiker
17. Ramoso verkoop dit vir hom vir geld.
18. Hy steek sy geld in die hoendernes weg.
19. Hy wil nie hê mense moet weet waar hy die geld wegsteek nie.
20. Sy werk in die boer se vrou se huis.
21. Emmertjie; spinasie, pampoen
22. Lethula
23. 'n bus te maak; draad
- 24.1 ONWAAR
- 24.2 Die skape moet uit die kraal gejaag word, anders gaan hulle dood brand.
- 25.1 vuur;
- 25.2. goiingsakke
- 25.3. kop
- 25.4. hande
- 25.5. Lethula
- 25.6. gedrink

26. Hy kom sê dat hy vir hom 'n ander werk moet soek.
27. Hy het die skape gered.
28. 'n Hanslam
29. Sy pa het nie werk nie en hy kan dalk nie aan die kompetisie deelneem nie.
30. Sy pa sê dat hy vir hom sal help met die draadbus.
31. Sy pa gaan hom help.
32. sag
33. Hy is 'n goeie werker en hy wil vir Thabiso leer om te boer.
34. wil leer lees en skryf.
35. Nagskool
36. 'n Papier waarop Lethula Thabiso se naam geskryf het.
37. Hy het die R1000 gewen.

Oefening 2: Vul die korrekte leestekens in.

1. Mamosa en Ramosa werk hard saam met Liesbeth en Lethula.
2. Thabiso wil aan die kompetisie deelneem, want hy kan R1000 wen.
3. Liesbeth kook spinasie, wortels, beet en hoender vir middagete.
4. Hoekom het die veldbrand ontstaan?
5. "Pasop! Die vuur versprei vinnig!"
6. Thabiso: "Pappa kan by die nagskool leer om te lees."

Oefening 3: Voltooi die aansoekvorm

Oefening 4: Skryf die volgende sinne in die indirekte rede.

1. Thandi sê dat sy graag stories lees.
2. Pulane sê dat Thabo aan die biblioteek behoort.
3. Thabiso sê dat 'n E-leser baie duur is.
4. Mev. Motaung sê dat hulle boeke vir twee weke by die biblioteek leen.
5. Puleng sê vir Thabo dat hy Zakes Mda se boeke moet lees.
6. Masabata sê dat die kortverhaalbundel syne is.
7. Mev. Mosoeneng sê dat die leerders elke kwartaal een roman moet lees.
8. Thabo sê dat hy elke speurverhaal van Deon Meyer lees.

Oefening 5: Gee die teenoorgestelde geslag van die woord tussen hakies

1. My (oupa) lees baie graag liefdesverhale en my (tannie) speurverhale.
2. Die (haan) kraai elke oggend om vieruur, terwyl die (koei) aanstap om gemelk te word.
3. Die (skryfster) skryf kortverhale en die (digteres) dig die mooiste gedigte.
4. Die (prinses) vra die (danser) om vir haar te dans.
5. Die (buurvrou) kuier graag by haar (kleinseun)

Hoofstuk 5: Die hoofstede van Suid-Afrika Week 9 en 10

Luister en praat.

Pre-luister

Gesels met die leerders oor die nege provinsies in Suid-Afrika. Vra aan hulle wat die name van die hoofstede van die provinsies is. Gesels dan spesifiek oor Johannesburg en vra leerders om te vertel wat hulle alles van Johannesburg weet.

Luister

Luister nou na die liedjie Joburg. Verduidelik moeilike woorde aan die leerders. Luister dan weer na die liedjie en lees die vrae ook aan die leerders. Luister weer na die liedjie. Die leerders beantwoord dan die vrae vir die tweede deel van die assesseringstaak. Die musiek behoort op die CD te wees.

Jo'burg Bianca Le grange

Ek ken 'n plek...
'n plek waar mense lewe.
Neem my daar ...
Bring saam net wie jy wil!
Tyd stap aan!
Is jy ook opgewonde?
Ligte blink en flikker in die maan...

Koor:

Kom saam met my na die plek waar drome waar word
Jo'burg, jy is die ritme van Suid-Afrika
Sing saam met my
Dis die oomblik van jou lewe
Jo'burg, jy is die hart en siel van Afrika!

Geboue hoog en myne diep gegrawe
Strate vol en wiele draai in teer
Niemand slaap al is dit amper môre
Oud en jonk hardloop in die reën

Koor

Harte klop, bly lief vir die lewe
Dans en sing terwyl ek na jou smag
Stoot op sy die hartseer en probleme
Kyk na my...
Ek lag diep in die nag.

Koor

Oefening 1: Vrae oor luisterbegrip

1. Johannesburg (1)
2. mense lewe (1)
3. almal, net wie jy wil. (1)
4. blink en flikker (2)
5. die plek waar drome waar word. (1)
6. Onwaar
Drome word juis daar waar. (2)
7. Dit is die ritme van Suid-Afrika en die hart en siel van Afrika. (2)
8. hoog (1)
9. diep (1)
10. Daar is baie motors. (1)
11. Dit lyk of niemand ooit slaap nie. (1)
12. hartseer en probleme. (2)

[16]

Lees en kyk

Pre-lees

1. Hoofstad beteken die belangrikste stad of groot dorp in 'n provinsie.
2. Pretoria
3. Kaapstad
4. Bloemfontein

Terwyl jy lees

Woordeskatuitbreiding

1. B
2. D
3. E
4. G
5. F
6. A
7. C

Post-lees

Oefening 2: Vrae leesbegrip

1. Plek van die Cheetah
2. Bloemfontein
3. Daar was 'n fontein waar blomme gegroei het.
4. Dit is omring met heuwels.
5. 1994
6. Noordwes
7. C Johannesburg
8. Oos-Londen en King William's Town.
9. Kaapstad is die moederstad; hoofstad van die Wes-Kaap; dit is in die mooi Boland; daar is 'n hawe;
wetgewende hoofstad van Suid-Afrika. (enige 3)
10. Kimberley; Noord-Kaap.
11. Baie ou geboue wat bewaar word.
12. Polokwane
13. daar is baie nywerhede en dit is in die noorde.
14. Dit help die leser om die teks te verstaan.
Dit wys waar in die land die hoofstede is.
Dit illustreer die feite wat gegee word.

Skryf en aanbied

Verduidelik aan die leerders hoe 'n strooibiljet moet lyk. Wys aan hulle dat al die verskillende vereistes op die voorbeeld aangedui is. Behandel dit met hulle terwyl julle saam 'n strooibiljet op die swartbord doen.

Doen nou die assesseringstaak met die leerders. Die taak is in die vorm van 'n kompetisie geskryf. Die verskillende kriteria – die inhoud van die strooibiljet – is die reëls. Assesseer met die korrekte rubriek uit (20) vir die kort transaksionele skryfstuk.

Oefening 3: Skryf die volgende sinne oor met die regte hoofletters

1. Die geskiedenis van Johannesburg is duisende jare oud.
2. Miljoene jare gelede het die spesie Australopithecus Afrcanus daar gewoon.
3. Vandag word die streek die Wieg van die Mensdom genoem.
4. Sowat 11 000 jaar gelede het die San daar gewoon.
5. Vroeg in die 19de eeu het die Ndebele-koning Mzilikazi daar gewoon.

Oefening 4: Vorm een woord (samestellings) van die volgende woorde:

- | | | |
|---------------|-------------------|---------------------------|
| 1. stopstraat | 2. winkelkompleks | 3. motorhawe |
| 4. hoofstraat | 5. swembad | 6. brandweerwa |
| 7. woonbuurt | 8. stadsaal | 9. munisipaliteitskantoor |

Oefening 5: Speletjie: Intensiewe vorm

Vrae vir spanlid A	Vrae vir spanlid B
1. broodnodig	1. pylreguit
2. perdfris	2. blitssnel
3. splinternuut	3. stokoud
4. goudgeel	4. grasgroen
5. plankdun	5. spekvet
6. wasbleek	6. bloedrooi
7. stroopsoet	7. stoksielalleen
8. yskoud	8. vuurwarm
9. veerlig	9. loodswaar

Oefening 6: Kies die regte woord tussen hakies

1. blesbok
2. Kaapstad; driehonderd
3. twaalf uur; Johannesburg; parlement
4. Pietermaritzburg; twee uur
5. rooi brandweerwa

Oefening 7: Waarvoor staan die volgende afkortings.

- | | |
|----------|-------------|
| 1. Noord | 2. Noordoos |
| 3. Suid | 4. Suidoos |
| 5. Oos | 6. Suidwes |
| 7. Wes | 8. Noordwes |

Oefening 8: Kyk baie mooi na die sinnetjies. Omkring die werkwoord en sê elke maal wat met die werkwoord gebeur het.

1. Werkwoord in tweede posisie
2. **Het** help die werkwoord om verlede tyd te vorm. Werkwoord skuif na einde van die sin en kry "ge" by.
3. **Sal** help die werkwoord om toekomstige tyd te vorm. Werkwoord skuif na die einde van die sin.

4. **Het** help die werkwoord om verlede tyd te vorm. Werkwoord skuif na einde van die sin en kry “ge” by.
5. **Sal** help die werkwoord om toekomstige tyd te vorm. Werkwoord skuif na die einde van die sin.

Kom ons skryf nou neer wat gebeur het:

- In die teenwoordige tyd staan die werkwoord in die **tweede** posisie in die sin.
- In die verlede tyd staan **het** in die tweede plek in die sin en die **werkwoord** aan die einde van die sin. Die werkwoord het ook hulp naamlik die “**ge**” gekry.
- In die toekomstige tyd is **sal** in die tweede posisie in die sin en die werkwoord staan **aan die einde** van die sin.

Oefening 9: Voltooi die volgende tabel.

Teenwoordige tyd	Verlede tyd	Toekomstige tyd
1. Die karretjie hang in die lug.	1. Gister het die karretjie in die lug gehang.	1. Môre sal die karretjie in die lug hang.
2. Die mense word bang in die karretjie.	2. Gister het die mense bang geword in die karretjie.	2. Môre sal die mense bang word in die karretjie.
3. Die sterk kabel dra 'n swaar gewig.	3. Gister het die sterk kabel 'n swaar gewig gedra.	3. Môre sal die sterk kabel 'n swaar gewig dra.
4. Dit kos baie geld om met die karretjie te ry.	4. Gister het dit baie geld gekos om met die karretjie te ry.	4. Môre sal dit baie geld kos om met die karretjie te ry.
5. Baie mense klim vinnig teen Tafelberg op.	5. Gister het baie mense vinnig teen Tafelberg opgeklim.	5. Môre sal baie mense baie vinnig teen Tafelberg opklim.

Oefening 10: Gee die versamelnaam van die volgende selfstandige naamwoord.

1. reeks
2. bos
3. plantasie [boord vrugteboom]
4. plaat
5. trop